**Sake vir die KNN:** Alle sake wat verband hou met navorsingsgrade in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe val onder die Komitee vir Nagraadse Navorsing (KNN).

Komiteelede en akademiese kollegas is welkom om die insluiting van **nuwe sake** op die agenda van die KNN te versoek. Stuur versoeke *voor die agenda-sluitingsdatum* van die betrokke KNN-vergadering per e-pos aan Liela Groenewald by LGR@sun.ac.za. Agendapunte word volgens die voorsitter se diskresie ingesluit.

**Let wel**: Stuur asseblief alle versoeke eerder vroeër as later, aangesien sluitingsdatums direk lei na afsnydatums soos bepaal deur die US Senaat (waarvoor komiteerapported vereis word).

Aansoeke of motiverings vir **gelyktydige registrasie** vir 'n PhD of navorsingsmeestersgraad sowel as 'n gestruktureerde kwalifikasie moet by beide die KNN en die FGGW Komitee vir Nagraadse Onderrig (KNO) ingedien word; en hierdie dubbele indiening moet in die betrokke programkomitee-verslag aangedui word. Som ook die student se vordering op en dui die verwagte datum van voltooiing van die kursuskwalifikasie aan.

**Nuwe PhD-programme** dien by die Dekaan se Bestuurspan en daarna by die KNO. Rapporteer dit ook aan die KNN.

**Jaarboekinskrywings** of -wysigings word op die agenda geplaas via rapporte vanaf nagraadse programkomitees. Neem asseblief kennis dat die omkeertyd van indiening tot Jaarboek-insluiting meer as 'n jaar is, as gevolg van die verskillende vlakke van ondersoek en goedkeuring. Hanteer klein tekswysigings of kontakopdaterings met die Doktorale Kantoor eerder as die Komiteeproses.

**Sake vir die KNO:** Alle wesenlike wysigings aan 'n Jaarboekinskrywing, of wat 'n kursusprogram behels, moet by die KNO dien. Navrae oor die KNO kan gerig word aan me Farah Fredericks, Adjunkregistrateur (Tygerberg-kampus) by farah@sun.ac.za.